




Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging  
(SASV)

**Bulletin 3A**


2015/1

## Sponsduiwe


Die duiwe in hierdie groep is bekend vir die groot neusvratte, asook 'n relatiewe groot en duidelike oogring. Die neusvratte is reeds van kleins af duidelik sigbaar en ontwikkel oor 'n tydperk van twee jaar tot die ideale grootte, waarna daar steeds stadige groei plaasvind wat beheer moet word sodat die neusvrat nie te groot word nie. Die neusvrat en oogringe moet op 'n gereelde basis skoongemaak word sodat daar nie infeksies en ontsteking ontstaan nie.




Die Carrier is 320-360mm hoog en wanneer die duif heeltemal gestrek is moet dit 440-470mm van die punt van die bek tot die punt van die stert wees. Die bors moet 120-130mm breed wees en die nek is slank en dun en vertoon geen keelvel nie. Die kop word horisontaal gedra en is 15mm wyd tussen die oë met 'n lengte van 70mm vanaf die agterkop tot by die punt van die bek. Die neusvrat is groot en okkerneutvormig waarvan twee derdes op die bo bek is en een derde op die onderbek.



Die Dragoon is van middelmatige grootte en meet 380mm van die punt van die bek tot die punt van die stert. Die kop vertoon 'n geleidelike styging van die basis van die neusvrat en vorm 'n matige kurwe tot by die agterkop. Die kop is 64mm van die punt van die bek tot by die agterkop. Die bek is horisontaal geplaas. Die neusvrat is wigvormig, taamlik breed en kom slegs op die bo bek voor. Die oogring vertoon 3 sirkels aan die bokant en 2 2 aan die onderkant. Die nek is van medium lengte en dikte.







Die Barb is dieselfde grootte as 'n posduif en het 'n massa van 500gram. Die bors is breed, maar nie gerond nie en die vlerkknoppe vertoon prominent. Die kop is 25-28mm breed tussen die oë. Die neusvrat is redelik groot op die kort bo bek en drie vratjies moet op die onderbek wees, een in die middel en een aan elke kant by die opening van die bek. Die oogring is een van die hoofkenmerke van die Barb en moet groot en sirkelvormig wees, asook ewe breed rondom die oog. Die oogring moet pienk van kleur wees.



Die Indianer is ook bekend as die Duitse Barb en het 'n kort, breë en sterk voorkoms. Die duif staan in 'n gehurkte posisie. Die kop is sy hoofkenmerk en is rond en glad in profiel gesien. Die neusvrat vorm 'n egalige boog met die voorkop tot by die agterkop. Die bek is breed by die basis en vernou geleidelik na die punt. Die boonste neusvrat is breed by die basis en vorm 'n egalige boog met die kop. Die onderste vrat bestaan ook uit 'n vrat in die middel en twee weerskante. Die helder rooi oogring moet ook groot wees.

### Identifikasie van rasse volgens die kop, neusvrat en oogring



[www.safpa.za.org](http://www.safpa.za.org)

**SA Sponsduif Klub**

President: Hennie Hattingh  
082 923 3910  
henniehattingh703@gmail.com

Sekretaris: Matt Willemse  
082 8073825  
mattwillemse@haaswil.co.za